Waterkruik

JAARGANG 58 NO 16 25 April 2021

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video Youtube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---Pretoria
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=19

EREDIENSTE VANDAG

Dr. Douw Breed lei vandag beide die oggend en aanderediens.

Baie welkom. Dit is vir ons altyd 'n voorreg om na u preke te luister. Ons bid u die Here se seën toe op die Woordverkondiging.

DIENSBEURTE

Vandag:

Oggend. Wyke 10 & 11
Ouderlinge: Br. Alwyn Rossouw
Br. Piet Malan
Diaken: Sr. Fransma Scheepers

Aand. Wyke 08 & 09
Ouderlinge: Br. Johan van Staden
Br. Enrico Kuyper
Diaken: Br. Steve Chambers

Met dankbaarheid en blydskap maak ons bekend dat sr. Chantelle Weerheim vanoggend haar belydenis van geloof in ons midde aflê.

Mag God altyd die middelpunt van jou lewe wees en mag die Here jou die genade en wysheid en krag gee om altyd te leef tot eer van sy Naam.

Hartlik geluk ook aan die ouers en familie van Chantelle. Sy vertrek ook vandag met attes na Durban.

Almal is welkom om na die erediens saam met haar en haar familie en vriende koffie en tee in die vierkant te geniet.

KOLLEKTES

Tydens die erediens:
Diakonale kas: ABSA: Diakonie, Spaar Rek. No. 9139785681

Na die erediens:
Thusofonds
Doel: Om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand. Rek. no. 000 340 685

BREË KERKRAADSVERGADERING

Die Breë Kerkraad vergader op 5 Mei 2021 om 19:00 in die kerkgebou.

KATKISASIE

Die Katkisasie open op Sondag 9 Mei 2021.

BYBELSTUDIE SLUIT

Die Bybelstudie open weer op Donderdag 6 Mei om 09:30

TEESKINKBEURTE

Almal word hartlik uitgenooi om na die erediens saam tee en koffie in die vierkant te geniet. U word versoek om u masker solank as moontlik aan te hou en afstand te hou.

Sondag 2 Mei is dit die beurt van wyk 24 olv Ansie Heymans.

EREDIENSTYE

Die oggenderediens sal vanaf volgende Sondag 2 Mei om **09:30** begin.
Die tye van die aanderedienste bly onveranderd.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders en susters van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, waar ek altyd die veiligheid mag vind wat U tot my redding beskik het, want U is my rots en my vesting"

Psalm 71:3

Maandag 26 April
Br. Hannes de Beer 072 141 5849
Br. Louis Scheepers 082 800 0508
Br. Pieter Smit 082 443 6605

Dinsdag 27 April
Br. Marthinus Erasmus 083 304 5682

Woensdag 28 April
Sr. Letchen du Plessis 079 030 8780

Saterdag 1 Mei
Br. Mike Erasmus 083 293 2633

Hartlik geluk aan br. Hannes de Beer wat Maandag sy 91ste verjaardag vier. Mag die Here u ryklik seën in die nuwe lewensjaar met geluk en goeie gesondheid.

MEELEWING

Ons is dankbaar dat dit na ons wete goed gaan met ons lidmate. Mag elkeen 'n heerlike langnaweek geniet.

"Doen alles sonder of teëpraat. Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld deur die woord van die lewe uit te dra." Filippense 2: 14 – 16.

ATTESTATE

Hartlik welkom aan *br. Hanno* 084 043 7466 en *sr. Mariska Steenkamp* en hulle dogtertjie Isabelle (2) wat met attestaat van Rietvallei by ons aangesluit het.
Dis vir ons lekker om julle hier te ontvang en vertrou dat julle gou tuis sal voel by ons.

Sr. Chantelle Weerheim vertrek met attes na Durban Noord. Mag jy baie gelukkig wees in jou nuwe gemeente en omstandighede.

BRING EN BRAAI VIR DIE JEUG EN JONGMENSE

Alle jongmense, studerend of werkend en enige lidmaat wat graag wil kom, word hartlik uitgenooi om volgende Sondag na die erediens saam te kom braai by die pastorie. Elkeen bring sy eie vleis en drinkgoed en eetgerei. Kom kuier saam en leer mekaar beter ken. Skakel Janru Reynders 071 100 0574 indien jy meer wil weet of wil bywoon.

BEROEPENUUS

Beroepe aanvaar

- Proponent P Hattingh na GK Bloemhof/Christiana-kombinasie.
- Ds PJ Hattingh (Peter) van GK Okahandja na GK Vanderbijllpark Trinitas

KOEKIES VIR DIE KINDERHUIS

Die kinders van die kinderhuis het 'n behoefte daaraan om saans voor hulle gaan slaap die leë kolletjie in hulle maag te vul met 'n beskuitjie of koekie saam met hulle laaste beker tee/koffie.
Ons doen 'n beroep op almal in die gemeente om te bak of die wat nie graag bak nie kan gerus koekies of beskuit aankoop.

Handig dit asseblief by Nienke by die kantoor of kombuis in.

WERKSAAMHEDE VAN DIE EVANGELISASIE KOMMISSIE

Die kommissie het nie fisies bymekaar gekom nie, weens Covid19 inperking.

1. Die kommissie het besluit en goedgekeur dat 'n maandelikse bedrag aan **Topia** (Toerusting van predikante in Afrika) geskenk word. R2000.00 per maand tot einde Desember 2021.
2. Die bestuur van **Soltek** (Solidariteit se opleidings instansie) het die predikant gekontak om ons gemeente betrokke te kry by hulle studente. Die inisiatief van ons kant sal minimale fondse benodig soos om kontakbesonderhede van die kerk in 'n aantreklike vorm aan studente bekend te stel. Die kommissie sal hiervoor instaan.
3. Br John de Kock het op Sondag 14 April die gemeente toegespreek oor die werksaamhede van **Sending Sonder grense**.

HOEKOM LAAT GOD TRAGEDIES EN LYDING TOE – *deel 3*

Lyding is nie goed nie, maar God kan dit gebruik om iets goed te bereik.
Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, die wat volgens sy besluit geroep is (Romeine 8:28). Hierdie vers sê nie dat God die bose en lyding veroorsaak nie. Die vers sê ook nie dat ons nou onmiddellik sal sien watter goed sal voortspruit nie. Onthou Hy maak ook nie die belofte aan almal nie, maar net diegene wat Hom volg. Ons kry 'n goeie voorbeeld in die verhaal van Josef. Hy gaan deur lyding – sy broers het hom as slaaf verkoop; hy word in die tronk gegooi nadat hy vals beskuldig is. Na 12 jaar word hy in 'n gesagsposisie geplaas waar hy die lewens van sy familie en ander kon red.

God kan my lyding gebruik om my na Hom toe te trek, om ander vir Hom te beïnvloed. Hy kan dit op baie maniere doen, maar dan moet ons Hom vertrou en volg.

Die dag kom wanneer alle lyding gaan ophou en God alle boosheid gaan oordeel.
Die storie van hierdie wêreld is nog nie oor nie. Die dag sal kom wanneer siekte en pyn uitgewis sal word en mense sal dan aanspreeklik gehou word vir die boosheid wat hulle gepleeg het. Wat hou God dan terug dat Hy dit nie sommer nou doen nie? Dalk ons. Hy vertraag alles in afwagting dat party van ons nog Hom sal volg. *Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met*

julle omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie. Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer (2 Petrus 3:9).

Ons lyding is niks in vergelyking met wat God vir sy volgelinge beplan het nie.

Ons moenie pyn en lyding minimaliseer nie, maar ons moet ook 'n langtermyn perspektief hê. Paulus het erg gely in sy lewe. Hy skryf: *ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly* (2 Korintiërs 4:17). Hy skryf ook: *Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie* (Romeine 8:18)

Ons moenie die werklikheid van pyn en lyding ontken nie Dit is moeilik.

Coen Slabber

WORD RIDERS GAAN REKORDGETAL BYBELS VERSPREI

Daar sal tydens vanjaar se Word Riders-toer 'n rekordgetal Bybels onder leerders by skole in van die armste dele van ons land versprei word.

Die Word Riders is 'n groep van sowat 40 motorfietsryers wat jaarlikse vergader om vir 'n week lank saam te toer en Bybels by skole te versprei. Die Word Riders werk onder die vaandel van die Bybelgenootskap en is die gesig van die organisasie se projek, *Bybels vir graad 7-leerders*. Dié projek is daarop gemik om Bybels in die hande van graad 7-leerders te plaas wat nie Bybels het nie en dit ook nie kan bekostig nie. Die Word Riders besorg hierdie Bybels aan die leerders tydens hul toere wat elke jaar in 'n ander deel van die land plaasvind.

Die 2021-toer wat in die tweede week van Mei plaasvind, is die Oostelike toer gedoop en sal deur dele van Mpumalanga en KwaZulu-Natal strek. Die groep wat uit 35 motorfietse en 52 mense bestaan, sal op Sondag 9 Mei vanaf die Bybelhuis in Kempton Park vertrek. Die eerste stop op die toer is Piet Retief waar die eerste skole besoek sal word. Bybelverspreiding sal ook op Paulpietersburg, Vryheid, Utrecht en Dannhauser plaasvind.

Dan is dit verder na Newcastle, met skole in Volksrus, Wakkerstroom, Perdekop en Standerton wat ook deur die Word Riders besoek word. Standerton is dan ook die dorp waar die meeste Bybels (2 434) versprei gaan word. Die toer sluit af op

Ermelo, maar eers sal die motorfietsyrers by skole in Breyten, Chrissiesmeer en Amsterdam aandoen.
In totaal sal die groep 67 skole besoek waar 7 390 Bybels aan graad 7-leerders oorhandig sal word.
Ons vra dat julle vir die Word Riders-toer sal bid, vir die veiligheid van al die toerlede asook vir die kinders wat die Bybels sal ontvang. Bid dat die saad van God se Woord op vrugbare grond sal val.

BEKENDSTELLING VAN DIE KERKBLAD

In opvolging van die onlangse skrywe van die Redaksie van *Die Kerkblad* rakende die situasie van ons blad, vra ons steeds vir u voortdurende voorbidding vir *Die Kerkblad* en ons ander tydskrifte.
Ons bid u as gemeente die ryke seën van ons troue Verbondsgod toe.
Hartlike groete in Christus,
Prof Callie Coetzee (Redakteur)

Inbetaling van donasies vir die Kerkblad

Bank Absa
Takkode 632 005
Rekeningnaam Administratiewe Buro GKSA
Rekeningnommer 670 140 040
Verwysing 0529/003

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT **SKRIBA**
Ds. Gerben Meijer Wico Swanepoel
062 279 4469 084 588 5654
MONUMENTPARK

ATTESSKRIBA **OUDL SKRIBA**
Tinus Erasmus Corrie Skinner
012 807 5213 082 494 0309
082 410 2252

VOORSITTER DIAK **ORRELIS**
Arie Hoogenboezem Ansie Wichmann
082 785 0804 072 605 8675

e-pos kerk: nwgkw@telkomsa.net

webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER
Hein Wichmann 082 873 3569

WEEKKOSTER
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOORURE
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE
VAN DIE HEL
SAL DIT NIE
OORWELDIG NIE